

Dinsdag 23 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 125:1, 2

Fokusgedeelte: Psalm 125:2

Die Here is rondom jou

Psalm 125 bring troos en bemoediging. Hierdie psalm is 'n lied van pelgrims wat op pad is om fees te vier in Jerusalem. Om daar te kom, moes hulle deur klowe en nou paadjies deur berge gaan. Die gevaar was dat rowers hulle maklik in 'n hinderlaag kon beroof, veral omdat die rowers geweet het dat die pelgrims geld het wat hulle as tiendes wou gee en offerandes wou koop. Daarom het hulle gewoonlik in groepe beweeg.

Dan sien die pelgrims Jerusalem voor hulle en gebruik die beeld van die berge wat Jerusalem beskerm om die bewaring van die HERE te besing. Die ou stad Jerusalem was baie goed beskerm deur berge. Dit was een van die moeilikste stede om in te neem. Met die intog in Kanaän is Jerusalem nie ingeneem nie, die Jebusiete het daar gebly tot in die dae van Dawid toe hy die stad ingeneem het.

Die pelgrims sing dat die HERE net soos die berge rondom Jerusalem was, rondom hulle op die reispad was. Rondom beskerming, die beste krygstaktiek. Hy beskerm en bewaar sy volk, nou en vir altyd.

Christus troos sy kerk met die woorde van Matteus 28:20: "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." By julle, rondom julle, maar ook in ons. Die Heilige Gees woon in ons, ons is tempels van die Heilige Gees.

'n Manier om die troos van "rondom jou" te beskryf, is 'n Ierse seënbede op 'n collagrafie van Cronje Lemmer. Dit lui soos volg:

- Die HERE is voor jou om die pad vir jou gelyk te maak
- Die HERE is langs jou om jou in sy arms toe te vou
- Die HERE is agter jou om die aanvalle van die Bose af te slaan
- Die HERE is onder jou om jou te dra as jy mag val
- Die HERE is rondom jou om jou te beskerm
- Die HERE is bokant jou om jou te seën
- Die HERE is in jou om jou te lei deur sy Gees.

Sing: Psalm 125-1:1, 3, 7

Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)